Ontmoeting 12 SILWER EN GOUD

Teks: Handelinge 3:1-8

Hulpmiddels:
- Stukke lap om bene vas te bind vir drie-been-resies
- Papier, karton, foelie, skêre, geldmunte
- Materiaal/vilt, hekelgare en naalde waardeur die gare kan gaan
- Kopieë van die "geldnoot" om dinge op te skryf wat die kinders kan doen/gee vir ander

WELKOM

- **Drie-been-resies:** Bind een kind se regterbeen met 'n lap vas aan 'n ander kind se linkerbeen. Doen dieselfde met al die kinders. Die groepe hardloop nou resies teen mekaar.
- **"Stoel"-resies:** Deel die kinders in groepies van 3. Twee kinders moet arms vashou soos 'n stoel waarop die derde persoon kan sit. Die groepies hardloop dan resies.

WYDING

Sing: "Neem my lewe, laat dit, Heer"
"Silwer en goud het ek nie"

Sing die **temalied** en doen die **stilword-ritueel** soos by ontmoeting 9.

WOORD

Handelinge 3: 1-10 ("Die Bybel@kinders"):
(Lees eers die verhaal een maal deur. Daarna moet die kinders help om die verhaal te vertel deur die emosies te mimiek [deur met hul gesigte en lywe uit te beeld].)
Een middag het Petrus en Johannes **vol liefde en omgee** na die tempel toe gestap. Die Jode was altyd **ernstig** as hulle na die tempel toe gegaan het om daar tot God te gaan bid. Petrus en Johannes sien toe hoe 'n paar mense **moeg** is omdat hulle 'n man dra wat nie kan loop nie. Sy **vriendelike** vriende het hom elke dag tot by die tempel se deur gedra. Die man het daar **hartseer** gesit en bedel by die mense wat na die tempel toe kom. Sommige mense was te **haastig** om hom raak te sien. Sommige was **kwaai** met hom. Ander mense het hom **geïgnoreer**. Ander het **arrogant** by hom verbygestap. Sommige het hom egter **jammer gekry** en vir hom geld gegee.
Toe Petrus en Johannes by die tempel kom, het die lam man ook vir hulle **skaam-skaam** vir geld gevra. Hy was al **moedeloos.** Petrus en Johannes het **vol liefde en omgee** gaan stilstaan en vir die lam man **vriendelik** gesê: "Kyk op na ons." Die man het sommer **bly geword**. Hy het gedink hy gaan nou geld by die **vriendelike** twee mans kry. Maar Petrus sê toe vir hom: "Ek het nie geld om vir jou te gee nie, maar ek gaan vir jou iets baie beter gee. Omdat Jesus vir my die krag gegee het, sê ek vir jou met **selfvertroue**: 'Staan op en loop!'" Petrus vat toe die man se hand en help hom met **liefde en omgee** om op te staan.
Dadelik het die man se voete en bene sterk geword. Die lam man het **verbaas** regop gestaan en geloop. Hy was **verskriklik bly**. Hy het sommer op en af **gespring van blydskap en vreugde**. Hy

was so **dankbaar**, dat hy aanhoudend vir God dankie gesê het dat hy weer kan loop. Hy gaan toe **opgewonde** saam met Petrus en Johannes na die tempel toe. Die mense was **verbaas** en kon dit nie glo toe hulle hom met **blydskap en vreugde** sien rondloop nie. 'n Paar minute tevore het hy dan nog **moedeloos en hartseer** by die deur gesit met sy krom bene. Hulle kon sien dat hy nou **baie bly** was. Hulle hoor ook net hoe **dankbaar** hierdie man nou is omdat hy aanhoudend vir God dankie sê dat hy nou kon loop. Almal in die tempel was **baie verbaas** oor alles wat die middag gebeur het.
(LW: Gestremdhede mag 'n sensitiewe onderwerp wees aangesien persone wat daardeur geraak word, direk of indirek, dalk mag wonder hoekom God nie altyd iemand genees nie. Wees sensitief daarvoor en (indien nodig) verduidelik dat gestremdhede nie as gevolg van sonde en ook nie 'n straf is nie en dat ons mense met gestremdhede altyd met respek, liefde en omgee moet behandel.)

Geheue aktiwiteit:

Skryf elke frase van Handelinge 3:6a op ses ballonne. Lees en leer dit saam. (Julle kan ook aksies gebruik). Bars dan telkens 'n ander ballon (nie in volgorde nie) en dan herhaal die kinders dit weer. Hulle moet dan onthou wat op die gebarste ballon gestaan het. Op die ou end is daar geen ballonne meer nie, maar die kinders ken die vers.

"Geld het ek nie, maar dit wat ek het, gee ek vir jou, in die Naam van Jesus, staan op en loop."

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe sou jy gevoel het as jy verlam was.
2. Ek wonder hoe sou jy gevoel het as Jesus jou gesond gemaak het.
3. Ek wonder wat het hierna gebeur met die man.
4. Ek wonder wat kan ons vir mense gee of vir hulle doen om hulle te help.

WERSKAF

Kleiner kinders: Maak 'n beursie met munte in:

- http://blog.aussiepumpkinpatch.com/2012/02/40-days-of-easter-day-4.html
- https://www.hellowonderful.co/post/EASY-PUMPKIN-TREAT-BAG-KIDS-WILL-LOVE-TO-MAKE/#_a5y_p =5851882
- http://www.drawn2bcreative.com/40-days-of-free-lenten-printables-judas-money-pouch/

Groter kinders: Maak 'n beursie met geldnote en munte. (Gebruik munte en foelie/papier en krap die munte se reliëf af). Skryf op die note (sien uitdeelstuk) dinge wat jy kan doen/gee vir ander:

♪ Mooi woorde	♪ Dankie sê	♪ Help
♪ Iets weggee	♪ Vriend wees	♪ Luister
♪ Kuier	♪ Speel	♪ Iets doen

Laat iemand by die huis 'n noot kies en dan moet jy dit vir hulle doen.

Gebruik die woorde van "Neem my lewe" lied as 'n gebed.

Neem my lewe, laat dit, Heer, U gewy wees meer en meer.
Laat my hart gedurig juig en van dankbaarheid getuig.
Neem my hande, maak hul sterk, diensbaar in U goeie werk.
Neem my voete, skoei hul Heer met bereidheid tot U eer.
Neem my stem en laat my sing; aan U, Here, hulde bring.
Laat my mond die boodskap bring: Hul sal vind wat na U vra.
Neem my goud en silwer, Heer. Niks noem ek my eie meer.
Al my kennis en verstand stel ek in U Vaderhand.
Maak my hart vir U tot troon deur U Gees wat in my woon.
Rig my wil, gevoel en daad altyd na U wyse raad.














https://www.hellowonderful.co/post/EASY-PUMPKIN-TREAT-BAG-KIDS-WILL-LOVE-TO-MAKE/#_a5y_p=5851882



http://www.drawn2bcreative.com/40-days-of-free-lenten-printables-judas-money-pouch/

http://blog.aussiepumpkinpatch.com/2012/02/40-days-of-easter-day-4.html